



Munisipaliteit  
Municipality  
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, VIRTUEEL GEHOU  
OP DONDERDAG, 30 JULIE 2020 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Maart, E S M (DA)

McQuire, V D (DA)

Mfutwana, L E (EFF)

O'Kennedy, E C (DA)

Papers, C H (DA)

Penxa, B J (ANC)

Smit, N (DA)

Solomons, P E (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Zatu, N S (ANC)

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Bestuurder: Begrotingskantoor, me H T Papier

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche, open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

Die Speaker reël, na aanleiding van agendas wat nie in hardekopie deur betrokke raadslede ontvang is nie, dat dié raadslede wat steeds die agenda in hardekopie ontvang, die sekretariaat moet skakel indien die agenda nie binne 48 uur voor die aanvang van die vergadering afgelewer is nie.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath, rdle A M Sneewe, Z Bekebu, D B Philander en B J Stanley.

Die Speaker vra dat die Direkteur: Finansiële Dienste en die Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste in gebed opgedra word vir volkome genesing.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

Geen.

4./...

#### 4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

##### 4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 28 MEI 2020

###### BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 28 Mei 2020 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word, onderhewig aan die regstelling van die twee spelfoute.

##### 4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 15 JUNIE 2020

###### BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 15 Junie 2020 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

#### 5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

###### BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

##### 5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 APRIL 2020

##### 5.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 23 APRIL 2020

##### 5.3 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 20 MEI 2020

##### 5.4 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 27 MEI 2020

#### 6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

###### BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

##### 6.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 9 APRIL 2020

#### 7. SAKE VIR BESPREKING

##### 7.1 VOORLEGGING VAN 2020/2021 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN PLANNE (2/4/2)

Die prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2020/2021 finansiële jaar is opgestel ooreenkomstig Artikel 57 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) en dien as 'n vervangende addendum tot die aanstellingskontrakte van die Munisipale Bestuurder en direkteure.

###### BESLUIT

(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2020/2021 finansiële jaar.

## 7.2 JAARVERSLAG: IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIËLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2020 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020 is met die sakelys gesirkuleer.

### BESLUIT

(op voorstel van rdl O M Stemele, gesecondeer deur rdl V D McQuire)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag insake die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid gedurende die 2019/2020 finansiële jaar ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2020 tot 30 Junie 2020 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D). Kennis moet geneem word dat betalings nog in die 2019/2020 finansiële jaar gefinaliseer moet word en sal enige verskille ten opsigte van Kwartaal 4 ingevolge wetgewing in die volgende kwartaalverslag vermeld word, onderhewig aan die transaksies/syfers wat die volledigheid van die finansiële state mag beïnvloed;
- (c) Dat kennis geneem word van die nooduitgawes met betrekking tot die COVID-19 pandemie wat aangegaan is onder die drempelwaarde van R30 000 'n bedrag van R77 526.86 beloop vir die periode 1 April 2020 tot 30 Junie 2020.

## 7.3 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): APRIL TOT JUNIE 2020 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

### BESLUIT

(op voorstel van rdl C Daniels, gesecondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die topvlak dienslewering- en begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 April 2020 tot 30 Junie 2020.

## 7.4 VERSLAG IN TERME VAN ARTIKEL 15(3) VAN DIE WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING INSAKE VRYSTELLINGS, KORTINGS, AFSLAG EN 'REVENUE FORGONE' VIR DIE 2019/2020 FINANSIËLE JAAR (5/3/1/3)

Artikel 15(3) van Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004) bepaal dat die Munisipale Bestuurder jaarliks verslag aan die Raad moet doen rakende alle belastingvrystellings, -afslag en -kortings wat in die vorige finansiële jaar toegestaan is.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020 is met die sakelys gesirkuleer en behels terugvoering ten opsigte van besonderhede en kategorieë eiendomme wat kragtens paragrafe 7(2) en 8 van die Swartland Munisipaliteit se Eiendomsbelastingbeleid kwalifiseer ten einde geleentheid aan die Raad te gee om sy oorsigrol te vervul.

Besluit/...

7.4/...

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die vrystelling van eiendomsbelasting aan openbare weldaadsorganisasies/nie-regeringsorganisasies, afslag en kortings toegestaan en 'revenue forgone' soos aan die Raad voorgelê vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2020 ingevolge Artikel 15(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, ingesluit die afslag aan pensionarisse met betrekking tot die 2018/2019 finansiële jaar.

**7.5 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (KERKPERSEEL) TE RIEBEEK-WES (12/2/B)**

Swartland Munisipaliteit is die geregistreerde eienaar van erf 2349 (groot ±1263 m<sup>2</sup>), geleë in Thomas Beukesstraat, Riebeek-Wes.

Daar is onlangs belangstelling getoon om die eiendom te bekom en word voorgestel om 'n openbare mededingende proses te volg om die eiendom vir gemeenskapsdoeleindes (plek van aanbidding) te vervreem.

Rdl F S Humphreys noem dat alle gelowe, met spesifieke verwysing na die Islam-geloof, in alle dorpe in die munisipale gebied geakkommodeer moet word.

Die Speaker verduidelik dat die openbare mededingingsproses gelyke geleenthede aan alle kerkgenootskappe gee om mee te ding en dat die prys en ontwikkelingsvoorstel oorweeg sal word wanneer tenders ontvang word.

Die Speaker noem verder dat daarteen gewaak moet word dat erwe wat deur kerkgenootskappe bekom word nie binne die voorgestelde tyd ontwikkel word nie.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl F S Humphreys, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat 'n mededingende twee-fase bodproses gevolg word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende eiendom:
  - Erf 2349, Riebeek-Wes (groot ± 1263 m<sup>2</sup>)
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding vir gemeenskapsdoeleindes (plek van aanbidding) ingevolge die sonering daarvan geïdentifiseer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geormerk is nie;
- (c) Dat die onderstaande gesubsidieerde prys as reserweprys (BTW uitgesluit) vir die eiendom vasgestel word, ooreenkomstig die bevoegdheid aldus verleen deur paragraaf 15.2.2 van die Munisipaliteit se Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates:
  - Erf 2349, Riebeek-Wes      R8 800,00 (20% x R44 000,00)
- (d) Dat volmag verleen word
  - (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
    - te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksie ontvang word; en om
    - die aanbiddinge wat ontvang word vir die eiendom te oorweeg vir aanvaarding al dan nie, en 'n besluit te mag finaliseer rakende die oordrag van die bates;
  - (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die evalueringskriteria en voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur indien nodig, met inagneming van die toepaslike bepalings in die Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates.

**GETEKEN:  
SPEAKER**